

Bybelstudie



24 April 2022

Openbaring 1:4-8 (Hy kom met die wolke)

Leef om te dien

*By Sonstraal Gemeente is almal welkom –
hier leer ons saam om soos Christus te leef.*

Ons is geroep tot: Genade, Gasvryheid en Gestuurdheid.

Kom tot rus:

Vind 'n tyd en plek waar jy stil kan wees. Indien julle in 'n groep is, gee geleentheid om stil te raak.

Sit gemaklik en maak jou oë toe. Haal diep asem en wees bewustelik teenwoordig. Luister na jou hart: Waaroor is jy vandag dankbaar? Spandeer tyd om jou dankbaarheid intens te beleef. Spreek dit nou teenoor die Here uit in gebed. Gee ruim geleentheid vir almal om hardop te bid. Sodra dit stil raak, wees nog 'n rukkie stil voor die Here.

Vra nou die Here om jou oop te stel om sy stem te hoor wanneer jy uit die Woord gaan lees.

Lees die teks:

Lees Openbaring 1:4-8 stadig deur... dalk 'n tweede keer. Ontvang dit en luister met jou hart daarna.

Luister:

Indien jy die teks in 'n groep lees, gee nou geleentheid dat lede met mekaar kan deel wat hulle by die Here ontvang het deur die teks. Luister met respek na mekaar sonder om te reageer of kommentaar te lewer. Laat elkeen gehoor word.

Agtergrond:

Die boek Openbaring begin met die woorde: Die openbaring van Jesus Christus. Die eerste woord, *Apokalypsis* (openbaring), gee hierdie boek sy naam. God gee die openbaring aan sy Seun. Die Seun gee dit dan deur middel van sy engel aan sy dienskneg, Johannes. Johannes gee dit deur na die sewe gemeentes in Asië.

Openbaring is geskryf in 'n tyd van heftige vervolging van die Christene. Johannes is na Patmos verban omdat hy vir Christus getuig het (1:9), vir ander wag daar gevangenskap (2:10), Antipas het 'n marteldood gesterf (2:13) en die gelowiges

moet hulle gereedmaak vir 'n tyd van beproewing wat oor die hele wêreld sal kom (3:10).

Die woord “apokalips” word gewoonlik in verband gebring met 'n verwoestende gebeurtenis, insluitende die einde van die wêreld. Maar die term beteken eintlik “om te onthul” of “om te ontbloot”. Openbaring is dus 'n bekendmaking van die Bybelse siening van hoe alle dinge tot 'n einde gaan kom.

Die eerste hoofstuk van Openbaring dien as inleiding vir die hele boek.

Grawe dieper:

1. “Genade” is 'n betekenisvolle woord in die Nuwe Testament. Dit het sy oorsprong in die Hebreeuse woord *hesed*, wat in die Ou Testament uitdrukking gee aan die liefdevolle en genadige getrouheid van God. In Grieks beskryf die woord onder meer vrygewigheid.
 - a. Dink na en gesels oor die betekenis van genade – soos jy dit ook in jou lewe ervaar.
 - b. Wat moet ons doen om God se genade te verkry/verdien?
 - c. Sou jy God se genade as goedkoop of duur beskryf? Hoekom?
2. “Vrede” is ook 'n betekenisvolle woord. Dié woord kom amper honderd keer in die Nuwe Testament voor. Sy wortel lê in die Hebreeuse woord *shalom*. Albei dié woorde verwys na meer as net die afwesigheid van geweld. Dit verwys ook na die lewenservaring wat verkry word deur 'n diep en opregte verhouding met God.
 - a. Wat gee ons ware vrede? Wat is die bron van vrede?
 - b. Is dié vrede bedoel net vir jou eie ervaring?
 - c. Hoe word God se vrede sigbaar in die wêreld?
3. “Van Hom wat is en wat was en wat kom” (v 4). Hier word van God gepraat. Hierdie woorde beskryf iets van die oneindigheid en tydloosheid van God. Tydloosheid kan ons op geen manier begryp, verstaan of omskryf nie. God is buite tyd. Tyd is 'n skepping van God.
 - a. God wat buite tyd en ruimte is, het ook ons tyd en ruimte binnegetree... Wat beteken dit vir ons?
 - b. Hoe kan ons bydra tot vrede in ons wêreld?
4. “Die sewe Geeste wat voor sy troon is” (v 4), verwys waarskynlik na die Heilige Gees – met sewe as simbool van volmaaktheid. Die idee van die sewe Geeste kom uit die Ou Testament. [Jesaja 11:2](#) beskryf sewe aspekte van die Heilige Gees. Dit is nie dat daar sewe verskillende geeste van God is nie, maar die Gees van die Here het hierdie eienskappe; volledig en volmaak.
 - a. Wat is die sewe aspekte van die Heilige Gees volgens Jesaja 11:2?
 - b. Watter betekenis hou hierdie volmaakte eienskappe vir ons in?
5. “Die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde” (v 5). Jesus is die enigste moontlike getuie wat daar tussen God en mens kan wees. Hy wat mens was en in ons tyd bestaan en

- geleef het, maar wat ook God is en by die ewige Vader bestaan, sonder tyd. Hy is die Een wat kan getuig. Hy weet!
- a. Waarvan getuig die lewe van Jesus?
 - b. Tot watter mate getuig ons soos Jesus?
6. “Wat ons liefhet” (v 5), teenwoordige tyd. Die liefde is nou; dit is teenwoordig; dit gaan voort. “Sondes gewas” (v 5). Die tyd van die werkwoord beteken dit is afgehandel; klaar gedoen – eens en vir altyd. Jesus maak ons “konings en priesters vir sy God en Vader” (v 6).
- a. Die afgehandelde status van ons sonde wat gewas is spreek van die onuitspreeklike liefde. Het jy al aanvaar dat dit waar is van jou?
 - b. Wat beteken dit om konings en priesters vir God te wees?
7. “Hy kom met die wolke” (v 7). Wolke hou verband met die teenwoordigheid van die Here in albei Testamente ([Eks 13:21-22](#); [16:10](#); [19:9](#); [Mark 9:7](#)). Toe Israel Egipte verlaat het, het Jahwe hulle gelei in ’n wolkkolom bedags en ’n vuurkolom in die nag ([Eks 13:21](#)). Later bedek ’n wolk die tabernakel wat God se teenwoordigheid simboliseer ([Eks 40:33](#); [Num 9:15](#); [Deut 31:14](#)). By Jesus se verheerliking het God vanuit ’n wolk gepraat ([Mark 9:7](#)).
- a. Watter betekenis hou die wolk in?
 - b. Wat beteken dit vir ons, vandag?
8. “Ek is die Alfa en die Omega” (Op 1:8). Dit is die eerste van drie eienskappe van God wat Johannes in dié vers noem. Die Een wat praat, is die Here God self – God die Vader. Hierdie eienskappe word nog twee keer in die boek genoem (Op 21:6 verwys na die Vader en Op 22:13 na die Seun). Alfa en omega, die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet, dui volmaaktheid aan. Hy is die begin en die einde. Voor alles was Hy daar en ná alles sal Hy nog daar wees; ewig en alomteenwoordig.
- a. Wat beteken die wete dat God die enigste Een is wat werklik almagtig is, vir jou?
 - b. Vir wie omvou God in sy alomteenwoordigheid?

Slotgedagte:

In ons deurmekaar tyd moet ons dit ontvang wat ons toegesê word: genade en vrede. God, die Ewige, sê so. Loof die Here, die ewige God.

Gebed:

Sluit af met gebed.

Dink aan die slagoffers van die 270 huise wat verlede naweek in Langa afgebrand het.

Bring asseblief ’n kombors of ’n kospot kerk toe. Dit word Maandag na Langa geneem vir die slagoffers van die brand.